CAPITEC BANK BEHEREND BEPERK
Registrasienommer: 1999/025903/06
Geregistreerde bankbeheermaatskappy
JSE gewone aandelekode: CPI ISIN: ZAE000035861
JSE-voorkeuraandelekode: CPIP ISIN: ZAE000083838

CAPITEC Bank
The way to bank




| | |
|---|---|
| ↑ 15% | Wesensverdienste per aandeel |
| ↑ 31% | Wesensverdienste |
| ↑ 21% | Opbrengs op ekwiteit |
| 25 sent | Tussentydse dividend |
| ↑ 51% | Netto batewaarde |

# Ongeouditeerde finansiële resultate
## vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2007

| | | Augustus 2007 | Augustus 2006 | Groei % | Februarie 2007 12 Maande |
|---|---|---|---|---|---|
| **BEDRYWIGHEDE** | | | | | |
| Takke | | **307** | 267 | 15 | 280 |
| Werknemers | | **2 505** | 2 000 | 25 | 2 129 |
| Aktiewe kliënte | '000 | **1 188** | 852 | 39 | 1 010 |
| Eie OTMe | | **295** | 244 | 21 | 264 |
| Vennootskaps-OTMe | | **273** | - | - | 143 |
| Kapitaalbesteding | Rm | **68** | 35 | 94 | 86 |
| **VERKOPE** | | | | | |
| **Lenings** | | | | | |
| Waarde van lenings toegestaan | Rm | **2 146** | 1 586 | 35 | 3 449 |
| Aantal lenings toegestaan | '000 | **1 570** | 1 486 | 6 | 2 924 |
| Gemiddelde leningsbedrag | R | **1 366** | 1 067 | 28 | 1 180 |
| Leningsinkomste | Rm | **558** | 484 | 15 | 1 001 |
| Netto slegte skuld onkoste | Rm | **87** | 82 | 6 | 161 |
| Netto slegte skuld teenoor terugbetalings | % | **4.23** | 4.07 | 4 | 4.12 |
| **Deposito's** | | | | | |
| Waarde van spaardeposito's | Rm | **701** | 446 | 57 | 554 |
| Aantal spaarrekeningkliënte | '000 | **669** | 468 | 43 | 583 |
| Netto inkomste uit transaksiefooie | Rm | **36** | 15 | 139 | 35 |
| **WINSGEWENDHEID** | | | | | |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | | | | | |
| Basiese | Rm | **97** | 74 | 32 | 159 |
| Wesens- | Rm | **97** | 74 | 31 | 160 |
| Bedryfsuitgawes | Rm | **358** | 299 | 20 | 614 |
| Koste-tot-inkomste-verhouding – bankaktiwiteite | % | **60** | 60 | 0 | 60 |
| Opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit | % | **21** | 26 | (21) | 26 |
| **VERDIENSTE PER AANDEEL** | | | | | |
| Toeskryfbare | Sent | **119** | 102 | 16 | 221 |
| Wesens- | Sent | **119** | 104 | 15 | 222 |
| Verwaterde toeskryfbare | Sent | **114** | 97 | 18 | 209 |
| Verwaterde wesens- | Sent | **114** | 98 | 16 | 211 |
| **Dividende per aandeel** | | | | | |
| Tussentyds | Sent | **25** | 20 | 25 | 20 |
| Finaal | Sent | | | | 60 |
| **Dividenddekking** | x | **4.8** | 5.2 | (8) | 2.8 |
| **BATES** | | | | | |
| Totale bates | Rm | **2 339** | 1 683 | 39 | 2 191 |
| Netto lenings en voorskotte | Rm | **1 225** | 476 | 158 | 803 |
| Kontant en -ekwivalente | Rm | **571** | 988 | (42) | 1 044 |
| Beleggings | Rm | **267** | 7 | | 112 |
| Ander bates | Rm | **275** | 213 | 29 | 232 |
| **LASTE** | | | | | |
| Totale laste | Rm | **1 207** | 936 | 29 | 1 074 |
| Deposito's | Rm | **1 055** | 795 | 33 | 897 |
| Ander laste | Rm | **152** | 142 | 7 | 177 |
| **EKWITEIT** | | | | | |
| Aandeelhouersfondse | Rm | **1 132** | 747 | 51 | 1 117 |
| Kapitaaltoereikendheidsverhouding - Groep | % | **49** | 77 | (36) | 84 |
| - Bank | % | **47** | 72 | (35) | 79 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel | Sent | **1 193** | 824 | 45 | 1 175 |
| Aandeleprys | Sent | **3 700** | 3 050 | 21 | 3 700 |
| Markkapitalisasie | Rm | **3 031** | 2 194 | 38 | 3 031 |
| Aantal uitstaande aandeleopsies | '000 | **5 679** | 6 320 | (10) | 6 191 |
| Gemiddelde aandeelopsie uitoefenprys | Sent | **1 650** | 1 134 | 46 | 1 151 |
| Gemiddelde aandeelopsie termyn | Maande | **27** | 30 | (11) | 24 |
| Tekort met vereffening van aandeelopsies | Rm | **35** | 19 | 84 | 22 |
| **Aantal gewone aandele** | | | | | |
| Teen jaareinde | '000 | **81 928** | 71 928 | 14 | 81 928 |
| Geweegde gemiddelde | '000 | **81 928** | 71 928 | 14 | 72 120 |
| Verwaterde geweegde gemiddelde | '000 | **85 119** | 75 897 | 12 | 76 043 |

## MARKTOESTANDE EN DIE NASIONALE KREDIETWET

Ons sakemodel behaal sukses en ons het toenemend vertroue in ons vermoë om ons kliëntebasis in die toekoms uit te brei. Die Nasionale Kredietwet het aan ons meer regulatoriese sekerheid verskaf en daar is steeds 'n groot mark wat finansiering vir huisverbeterings, meubels en toerusting benodig. Ons het die afgelope vyf jaar die pryse van korter termynlenings deurlopend verminder. Die vereistes van die nuwe Nasionale Kredietwet het egter daartoe gelei dat pryse tussen Oktober 2006 en Junie 2007 vinniger verlaag is, wat gelei het tot 'n laer groei in wins.

Die implementering van hersiene stelsels en prosedures om aan die vereistes van die kredietwet te voldoen, het goed verloop. Ons is egter gedwing om 'n gedeelte van ons heffings van rente na fooie te verander, wat gelei het tot 'n verhoging van R20 miljoen in die BTW wat gehef is vir die ses maande tot Augustus 2007.

## KLIËNTEGROEI EN VERKOPE

Die groei in kliëntegetalle het die afgelope ses maande wesenlik toegeneem. Gemiddeld kry ons meer as 40 000 nuwe spaar- en leningskliënte per maand. Ons totale aantal aktiewe kliënte oorskry nou 1,18 miljoen. Netto transaksiefooi-inkomste het teenoor dieselfde tydperk verlede jaar met 239% verhoog. Die waarde van lenings toegestaan (verkope) het met 35% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die beskikbaarstelling van 18- en 24-maandelenings sedert Oktober 2006. Die lenings en voorskotte (leningsboek) in die balansstaat het met 158% gestyg. Die wesenlike groei is as gevolg van die verandering in samestelling van die boek na 'n langer termyn.

## BELEGGING IN GROEI

Die groei in die getal kliënte is die resultaat van 'n wesenlike toename in ons belegging in bemarking en infrastruktuur sedert Februarie 2007. Dié beleggings het 'n negatiewe korttermynwinsuitwerking maar sal 'n positiewe invloed op kliëntegroei en inkomste oor die langer termyn hê. Die aantal takke het van 280 in Februarie 2007, tot 307 toegeneem en die teiken teen jaareinde is 345. Direkte advertensiekoste van R14 miljoen is tot dusver bestee en altesaam R20 miljoen is vir die finansiële jaar beplan. Mobiele bankeenhede het tot 71 toegeneem en personeelsyfers het in die huidige jaar met 376 toegeneem (297 klientedienspersoneel) om ons verkoops- en dienslewering aan die mark uit te brei. Ons het R8,6 miljoen op opleiding bestee, 37% hoër as verlede jaar.

## MARGE EN WINSGEWENDHEID

Capitec Bank se prysbenadering is steeds aggressief en ons probeer ons posisie as prysleiers behou. Ons het ons pryse op transaksiefasiliteite grotendeels op dieselfde vlak as verlede jaar gehou en ons pryse op leningsprodukte in Oktober 2006 en in Mei 2007 verlaag tot laer vlakke as wat deur die kredietwet vereis word. Dit het ons marge verlaag ooreenkomstig ons begroting.

## AGTERSTALLIGE BETALINGS EN VOORSIENINGS

| | Augustus 2007 % | Augustus 2006 % | Februarie 2007 % |
|---|---|---|---|
| **Bruto slegte skuld onkoste as 'n persentasie van terugbetalings verskuldig** | | | |
| Eenmaandlenings | **1,0** | 1,8 | 1,6 |
| Driemaandelenings | **3,4** | 3,1 | 3,2 |
| Sesmaandelenings | **4,4** | 8,2 | 6,9 |
| Twaalfmaandelenings | **6,8** | 14,5 | 13,1 |
| Agtienmaandelenings | **18,0** | - | 24,3 |
| Vier-en-twintigmaandelenings | **19,7** | - | 21,7 |
| Geweegde gemiddeld | **4,95** | 4,64 | 4,67 |
| Verhalings | **(0,72)** | (0,57) | (0,55) |
| Netto slegte skuld | **4,23** | 4,07 | 4,12 |

Ons voorsieningsmodel word meer akkuraat namate ons meer geskiedenis van die langertermynprodukte bekom. Die ses- en twaalfmaandeprodukte het nou 'n paar volle termyn siklusse voltooi, wat beteken dat ons laer verliesberamings 'n kumulatiewe impak op koste vir dié tydperk gehad het. Die verlieskoers op dié produkte het op onderskeidelik sowat 7% en 11% van betaalbare paaiemente gestabiliseer.

Ons het nog nie 'n agterstalligheid geskiedenis vir die volle termyn van die agtien- en vier-en-twintigmaandeprodukte nie en die voorsienings teen dié produkte behels dus 'n groter mate van onsekerheid. Die agterstalligheid van die produkte is egter beter as wat verwag is. Ons het gevind dat agterstalligheid verbeter wanneer ons die prys op 'n produk verlaag, wat in die lig van ons onlangse prysverlagings baie positief is. Ons kredietkeuringsmodel het ook 'n belangrike bydrae gelewer om ons agterstallige betalingskoers te verbeter.

## KAPITAAL EN OPBRENGS OP EKWITEIT

Die uitreiking van 10 miljoen aandele teen R300 miljoen aan 'n SEB-konsortium in Februarie het ons opbrengs op ekwiteit vir die tydperk verlaag soos verwag. Die geleentheid om aandele teen markwaarde aan 'n SEB-vennoot uit te reik is egter as van strategiese belang beskou. Die surplusfondse is gedeeltelik in genoteerde voorkeuraandele belê.

Die beweging in finansiële instrumente teen markwaarde in die inkomstestaat sluit 'n wins van R11 miljoen in op MasterCard-aandele wat ontvang is ingevolge die omskakeling van MasterCard van lede assosiasie. R2,9 miljoen is in kontant ontvang as deel van die aflossing van klas B-aandele en die res van die aandele word onder beleggings teen markwaarde aangetoon.

## MOODY'S NASIONALE KREDIETGRADERING

In Mei 2007 het Moody's Investor Service Capitec Bank Beperk, Capitec se bankfiliaal, se langtermyn nasionale kredietgradering met twee punte opgeskuif van Baa1.za tot A2.za. Die korttermyn-gradering het onveranderd gebly op Prime-2.za.

## BASEL II

Die Basel II-vereistes verander die manier waarop die kapitaaltoereikendheid van banke gemeet word. Die Basel II-vereistes word op 1 Januarie 2008 in Suid Afrika geïmplementeer. Vir hierdie doel word ons risikobestuurprosesse verfyn en op 'n deurlopende grondslag verbeter.

Die implementeringsplan word voortdurend gemonitor met gereelde betrokkenheid van die direksie. Ons is op koers om die implementering teen die einde van 2007 te voltooi.

## VOORUITSIGTE

Ons is positief oor ons vooruitsigte vir die toekoms en gaan dus voort om ons beleggings- en uitbreidingsplanne vir die finansiële jaar 2007/8 te implementeer. Capitec Bank sal steeds innoverend wees om laekoste-oplossings aan die mark te lewer.

## TUSSENTYDSE DIVIDEND

Die direkteure het 'n tussentydse gewone dividend van 25 sent per aandeel wat op Maandag, 3 Desember 2007 betaalbaar is, goedgekeur.

Die volgende datums geld:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Vrydag, 23 November 2007 |
| Verhandeling sonder dividend neem 'n aanvang | Maandag, 26 November 2007 |
| Rekorddatum | Vrydag, 30 November 2007 |
| Betalingsdatum | Maandag, 3 Desember 2007 |

Aandelesertifikate kan nie tussen Maandag, 26 November en Vrydag, 30 November 2007, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Die voorkeuraandeledividend van 482,26 sent per aandeel vir die ses maande tot Augustus is op 31 Augustus verklaar en op 25 September 2007 betaal.

## GROEPBALANSSTAAT

| | Ongeouditeer Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer Augustus 2006 R'000 | Groei % | Geouditeer Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **BATES** | | | | |
| **Bedryfsbates** | | | | |
| Kontant en -ekwivalente | **571 349** | 987 614 | (42) | 1 043 746 |
| Beleggings teen markwaarde | **267 306** | 6 595 | | 111 933 |
| Lenings en voorskotte | **1 041 723** | 465 003 | 124 | 695 151 |
| Voorraad | **11 756** | 7 003 | 68 | 10 928 |
| Ander debiteure | **18 496** | 10 518 | 76 | 9 685 |
| **Nie-bedryfsbates** | | | | |
| Lenings en voorskotte | **183 599** | 10 463 | | 108 109 |
| Eiendom en toerusting | **188 819** | 142 853 | 32 | 155 640 |
| Ontasbare bates – bankstelsel | **40 149** | 40 181 | 0 | 42 604 |
| Uitgestelde inkomstebelastingbates | **15 593** | 13 116 | 19 | 13 846 |
| **Totale bates** | **2 338 790** | 1 683 346 | 39 | 2 191 642 |
| **LASTE** | | | | |
| **Bedryfslaste** | | | | |
| Deposito's teen geamortiseerde koste | **745 555** | 483 252 | 54 | 586 795 |
| Deposito's teen markwaarde | **13 314** | 2 239 | 495 | 2 149 |
| Handels- en ander krediteure | **104 865** | 78 901 | 33 | 85 815 |
| Lopende inkomstebelastinglaste | **32 250** | 55 412 | (42) | 79 133 |
| Voorsienings | **3 850** | 300 | | 3 850 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | |
| Handels- en ander krediteure | **11 118** | 7 088 | 57 | 8 833 |
| Deposito's teen geamortiseerde koste | **256 425** | 256 772 | 0 | 255 377 |
| Deposito's teen markwaarde | **39 773** | 52 224 | (24) | 52 233 |
| Totale laste | **1 207 150** | 936 188 | 29 | 1 074 185 |
| **EKWITEIT** | | | | |
| Gewone aandelekapitaal en -premie | **647 363** | 347 865 | 86 | 647 363 |
| Nie-uitkeerbare reserwes | **2 439** | 1 710 | 43 | 2 439 |
| Behoue inkomste | **327 232** | 242 977 | 35 | 313 049 |
| **Gewone aandeelhouersekwiteit** | **977 034** | 592 552 | 65 | 962 851 |
| Nie-aflosbare, nie-kumulatiewe, nie-deelnemende voorkeuraandelekapitaal en -premie | **154 606** | 154 606 | - | 154 606 |
| **Totale ekwiteit** | **1 131 640** | 747 158 | 51 | 1 117 457 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **2 338 790** | 1 683 346 | 39 | 2 191 642 |

## GROEPINKOMSTESTAAT

| | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2006 R'000 | Groei % | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Rente op lenings voorgeskiet | **345 786** | 484 068 | (29) | 924 370 |
| Rente op kontant en -ekwivalente | **19 882** | 17 032 | 17 | 43 158 |
| Rente-uitgawe | **(42 137)** | (32 219) | 31 | (69 836) |
| Netto rente inkomste | **323 531** | 468 881 | (31) | 897 692 |
| Netto fooi-inkomste | **247 933** | 14 991 | | 111 557 |
| Leningsfooi-inkomste | **212 074** | - | - | 76 943 |
| Transaksiefooi-inkomste | **72 481** | 39 831 | 82 | 93 671 |
| Transaksiefooi-uitgawe | **(36 622)** | (24 840) | 47 | (59 057) |
| Dividendinkomste | **10 969** | 187 | | 1 469 |
| Netto waardedalingskoste op lenings en voorskotte | **(87 084)** | (81 946) | 6 | (161 271) |
| Netto beweging in finansiële instrumente teen markwaarde getoon | **7 569** | 2 220 | 241 | (857) |
| Ander inkomste | **-** | 11 | | 75 |
| Nie-bankverwante bruto wins | **4 997** | 4 016 | 24 | 8 025 |
| Nie-bankverwante verkope | **68 686** | 65 751 | 4 | 134 888 |
| Nie-bankverwante koste van verkope | **(63 689)** | (61 735) | 3 | (126 863) |
| Inkomste uit bedrywighede | **507 915** | 408 360 | 24 | 856 690 |
| Bankverwante bedryfuitgawes | **(354 471)** | (296 191) | 20 | (606 705) |
| Nie-bankverwante bedryfsuitgawes | **(3 863)** | (3 228) | 20 | (6 808) |
| Bedryfswins voor belasting | **149 581** | 108 941 | 37 | 243 177 |
| Belastinguitgawe | **(44 280)** | (35 372) | 25 | (76 253) |
| Netto wins toeskryfbaar aan ekwiteithouers | **105 301** | 73 569 | 43 | 166 924 |

## REKONSILIASIE VAN TOESKRYFBARE VERDIENSTE EN WESENSVERDIENSTE

| | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2006 R'000 | Groei % | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Netto wins toeskryfbaar aan ekwiteithouers | **105 301** | 73 569 | 43 | 166 924 |
| Minus voorkeurdividend | **(8 122)** | - | - | (7 617) |
| Netto wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **97 179** | 73 569 | 32 | 159 307 |
| Items uitgesluit by wesensverdienste na belasting: | | | | |
| – Verlies met verkoop van vaste bates | **101** | 927 | (89) | 1 085 |
| Wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **97 280** | 74 496 | 31 | 160 392 |

## GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2006 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **(203 248)** | 302 778 | 223 768 |
| Kontantvloei uit bedrywighede | **184 522** | 149 197 | 333 780 |
| Toename in lenings en voorskotte | **(432 534)** | (26 038) | (366 867) |
| Toename in ander krediteure, voorsienings en deposito's | **173 075** | 215 813 | 325 128 |
| Belasting betaal | **(79 154)** | (3 826) | (21 520) |
| Dividende betaal | **(49 157)** | (32 368) | (46 753) |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(219 053)** | (34 503) | (194 170) |
| Netto belegging in toerusting en sagteware | **(68 004)** | (34 750) | (85 809) |
| (Toename) afname in ander beleggingsaktiwiteite | **(151 049)** | 247 | (108 361) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **(50 096)** | 137 046 | 431 855 |
| Aandele uitgereik | **-** | 154 606 | 454 104 |
| Aandele verkry en opsies vereffen | **(50 096)** | (17 560) | (22 249) |
| (Afname) toename in kontant en -ekwivalente | **(472 397)** | 405 321 | 461 453 |
| Kontant en -ekwivalente aan begin van tydperk | **1 043 746** | 582 293 | 582 293 |
| Kontant en -ekwivalente aan einde van tydperk | **571 349** | 987 614 | 1 043 746 |

## GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses Maande geëindig Augustus 2006 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| Ekwiteit aan begin van tydperk | **1 117 457** | 563 816 | 563 816 |
| Netto wins toeskryfbaar aan ekwiteithouers | **105 301** | 73 569 | 166 924 |
| Gewone aandele uitgereikte netto van uitgawes | **-** | - | 299 434 |
| Nie-aflosbare voorkeuraandele uitgereikte netto van uitgawes | **-** | 154 606 | 154 606 |
| Verlies met vereffening van aandeleopsies netto van aandeelgebaseerde personeelkoste | **(47 595)** | (17 560) | (18 244) |
| Belasting met vereffening van aandeelopsies | **13 756** | 5 095 | 5 291 |
| Dividende verklaar | **(57 279)** | (32 368) | (54 370) |
| Ekwiteit aan einde van tydperk | **1 131 640** | 747 158 | 1 117 457 |

## SEGMENTVERSLAG

| | Bankdienste R'000 | Groothandel-verspreiding R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|
| **Ongeouditeer** | | | |
| **Ses maande geëindig Augustus 2007** | | | |
| Inkomste | **661 192** | **68 686** | **729 878** |
| Wesensverdienste | **96 515** | **765** | **97 280** |
| Bates | **2 318 788** | **20 002** | **2 338 790** |
| **Ongeouditeer** | | | |
| **Ses maande geëindig Augustus 2006** | | | |
| Inkomste | 541 129 | 65 751 | 606 880 |
| Wesensverdienste | 74 291 | 205 | 74 496 |
| Bates | 1 670 995 | 12 351 | 1 683 346 |
| **Geouditeer** | | | |
| **Jaar geëindig Februarie 2007** | | | |
| Inkomste | 1 139 686 | 134 888 | 1 274 574 |
| Wesensverdienste | 160 133 | 259 | 160 392 |
| Bates | 2 174 708 | 16 934 | 2 191 642 |

## VERPLIGTINGE

| | Ongeouditeer Augustus 2007 R'000 | Ongeouditeer Augustus 2006 R'000 | Geouditeer Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| Waarborge | | | |
| – Nie-bankinstellings | **7 500** | 8 139 | 7 500 |
| Onbenutte leningsfasiliteite aan kliënte | **196 159** | 80 136 | 135 701 |
| Kapitaalverpligtinge deur die direksie goedgekeur | | | |
| – Gekontrakteer | **11 878** | 4 493 | 23 855 |
| – Ongekontrakteer | **95 684** | 80 253 | 141 481 |
| Bedryfshuurverpligtinge | | | |
| < 1 jaar | **55 364** | 46 851 | 60 331 |
| 1 tot 5 jaar | **144 219** | 116 182 | 145 371 |
| > 5 jaar | **5 671** | 1 681 | 4 340 |

## TUSSENTYDSE FINANSIËLE VERSLAE

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is ooreenkomstig IRS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening opgestel en die rekeningkundige beleid voldoen aan IFRS. Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van die tussentydse gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem ooreen met die beleid wat in die vorige jaar toegepas is.

Namens die direksie

| | |
|---|---|
| **Michiel le Roux** | **Riaan Stassen** |
| **Voorsitter** | **Hoof uitvoerende beampte** |
| **Stellenbosch** | **27 September 2007** |

Capitec Bank Beperk is 'n gelisensieerde finansiële dienste- en kredietverskaffer.
NKR registrasienommer NCRCP 13


**Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor**
Christian George van Schalkwyk
BComm LLB, GR(SA)
Quantumweg 10
Techno Park
Stellenbosch 7600
(Posbus 12451, Die Boord, Stellenbosch 7613)

**Oordragsekretaris**
Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Registrasienommer: 2004/003647/07
Grondverdieping, 70 Marshallstraat Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

**Direkteure**
MS du P le Roux (Voorsitter), R Stassen (HUB)*,
AP du Plessis (HFB)*, TD Mahloele ,
Prof MC Mehl, Ms NS Mjoli-Mncube,
JF Mouton, CA Otto, JG Solms, JP van der Merwe
*Uitvoerend

**Borg**
PSG Capital (Edms) Beperk
(Registration number: 2006/015817/07)


www.capitecbank.co.za